

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Wat het gebeur?
2. Wie het vir hulle kos aangebied?
3. Hoeveel kos was dit?
4. Was dit genoeg vir al die mense?



Dinsdag

1. Hoeveel mense was daar?
2. Het al die mense genoeg geëet? (Te min of genoeg of te veel)
3. Wat is `n wonderwerk?
4. Gebeur daar vandag nog wonderwerke?



Woensdag

1. Wat se talente het jy?
2. Hoe kan God jou talente gebruik en vermeerder?
3. Hoe kan jy God dien met jou talente?
4. Wat se talente het die mense in jou huis?



Donderdag

1. Was jy al bang om jou talente te gebruik?
2. Noem nog 2x wonderwerke uit die Bybel?
3. Hoe kan ons die Here help by die skool?
4. Probeer elke dag ten minste 1x keer vir die Here help?



Markus 6:35-44 Seuntjie met vyf brode en twee vissies:

Psalm 144:13: "Dat ons skure vol mag wees, wat allerhande soorte voorraad oplewer; ons kleinvee by duisende mag aanteel, by tienduisende vermeerder word op ons velde."

Is jy goed met wiskunde? Optel en aftrek en maal en deel kan soms moeilik wees. Hoe groter die getalle, hoe moeiliker die somme.

Jesus het `n moeilike deelsom laat werk toe Hy op aarde geleef het. Hy het een keer vir baie mense gepreek. Dit het laat begin word en almal was honger, maar daar was geen winkels naby nie en ook nie genoeg geld vir kos nie. Sy dissipels het met hulle hande in die hare gesit.

`n Seuntjie het sy kosklik aangebied: Al wat daarin was, was vyf brode en twee vissies. Dit was nie vir Jesus `n probleem nie. Hy het gesê al die mense moet in groepe van honderd en van vyftig op die gras gaan sit.

Jesus het die seun se brood en vis gevat en dit geseën. Die dissipels moes dit begin uitdeel. So ver as wat hulle uitgedeel het, het dit meer geword.

Almal het dit geëet en versadig geword. Hulle kon nog twaalf mandjies vol oorskiet optel!

Dit was `n wonderwerk. Omtrent vyfduisend mans en hulle gesinne kon eet van net vyf broodjies en twee vissies. In wiskunde sou elkeen maar `n klein stukkie broodjie kon eet as elke brood in duisend stukkie verdeel is, maar God het dit so meer gemaak dat almal genoeg kry.

Jou gawes en talente lyk dalk vir jou min werd en onbenullig. God kan dit meer maak en baie mense seën as jy gewillig is om dit vir Hom te gee.

Here ek gee vandag my talente in U hand. Dankie dat dit vir U belangrik is. Ek weet dat U dit kan gebruik om baie mense te seën.

AKTIVITEIT VIR DIE WEEK

